**Joan Hambidge**

Joan Hambidge is ʼn adjunk-dekaan in Geesteswetenskappe aan die Universiteit van Kaapstad. Sy is bekend vir haar kritiese werk, romans en bekroonde poësie.
E-pos: ham@humanities.uct.ac.za

# Voorheen

Voorheen kon ek my so oorgee
aan die einde. Byvoorbeeld:
ek sou die kruietuin op my bo-balkon
tot simbool verklaar en peinsend toekyk
hoe elke rooi blom ons einde aanstip
gedienstig, geduldig, getrou.
Die stofsuier sou herinneringe aan jou
opsuig en die gedroogde blomme in my kombuis
sou die vrotwaters van ons verhouding aanstip.
Jou wasgoedsak, ʼn verlore kledingstuk
in ʼn wasmasjien, sou elke emosie tuimeldroog.
Jy sou boonop jouself as die aangesprokene herken
en my die verwyt van uitpraat, uitskel maak.
Nou is dit skaakmat, ons is kiets, die hereweet.
Laat ons nie nog ʼn vers lees van ʼn digter
wat dig oor die liefde wat uitloop op berou.
Die rooi blomme in die kruiebak
verwys na ʼn kersieboord in Kyoto;
die stofsuier ʼn gasmasker in Nagasaki.
Elke simbool geweeg en te lig bevind.
Hoe durf ons persoonlike leed verhewig?
Dit was Hiroshima, Mon Amour.
Vandag val daar bomme oor Bagdad
en almal weet: "En skielik is dit aand."